**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 FEBRUARIE 2023 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

## RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. R Laubscher | [PA] | | |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. C Cornelissen | : | Hoof: Verkeersdienste *(waarnemend as Direkteur Gemeenskapsdienste)* |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN016/02/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna die Direkteur Tegniese Dienste open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat op die "YouTube" platform ingeskakel is.

Voorts versoek die Speaker dat alle Raadslede en amptenare hul mikrofone moet aanskakel indien hul iets wil sê ten einde die publiek in staat te stel om duideliker te kan hoor.

***

**RVN017/02/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Gemeenskapsdienste - siekverlof
Bestuurder: Strategiese Dienste - siekverlof

***

**RVN018/02/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Raadslid Moolman verklaar sy persoonlike belange by items **RVN012 en RVN013**.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste meld dat alle Raadslede 'n kollektiewe belang by **RVN010** het**.**

***

**RVN019/02/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 24 JANUARIE 2023 EN DINSDAG 31 JANUARIE 2023**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notules van die vergaderings, soos gehou op Dinsdag 24 Januarie 2023 en Dinsdag 31 Januarie 2023, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN020/02/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 24 JANUARIE 2023 EN DINSDAG 31 JANUARIE 2023**
**3/3/2/2**
***(Implementeringsverslae van Dinsdag 24 Januarie 2023 en Dinsdag 31 Januarie 2023, word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei - Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Raadsvergaderings, soos gehou op Dinsdag 24 Januarie 2023 en Dinsdag

31 Januarie 2023.

***

**RVN021/02/2023**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN022/02/2023**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Speaker doen die volgende mededelings:</u>

<u>LIEF</u>

- Dat die Direkteur: Tegniese Dienste op Dinsdag 28 Februarie 2023 verjaar en wens die Speaker hom geluk en hou Psalm 23 en 24 voor aan hom waarna die Komiteelede hom ‘n handeklap gee;
- Dat Raadsheer De Vries op Saterdag 25 Februarie 2023 verjaar het;
- Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste op Donderdag 16 Maart 2023 verjaar;
- Dat die Direkteur Finansiële Dienste op Saterdag 25 Maart 2023 verjaar;
- Dat Raadslid Laubscher ‘n dogtertjie ryker geword het op Saterdag 25 Februarie 2023;
- Hy wens die Vroue Protea span geluk wat deelgeneem het in die IKR Vroue T20 Wêreldbeker-eindstryd;
- Hy wens die nuutverkose president, mnr. B van Rooy, by Boland Rugbyunie geluk; en
- Hy wens die atlete wat deelgeneem het aan Wes-Boland en Boland asook kinders wat prestasies behaal het by die skole/ tersiêre institusies in die Bergrivier area geluk met die prestasie;
- Hy bedank die Wykskomitees en Voorsitters van die Wykskomitees wat suksesvolle wykskomitee vergaderings gehad het; en
- Hy spreek die gemeenskap se dank uit aan die Uitvoerende Burgemeester, Raadslede en amptenare vir die reëlings ten einde Binnelandse Sake in die Bergrivier area te kry om aan die gemeenskappe diens te lewer.

<u>LEED</u>

- Dat Raadsheer Manuel se broer, wat mev. Hendricks se oom is, oorlede is;
- Dat mnr. B Nkhahle se broer oorlede is;
- Dat mnr. I Saunders steeds aansterk na sy operasie en hy word sterkte toegewens; en
- Dat onderskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

‘n Oomblik van stilte word gehandhaaf ter nagedagtenis aan die oorledenes.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat Binnelandse Sake vir die week van 20-24 Februarie 2023 die onderskeie Bergrivier dorpe besoek het en hy bedank alle amptenare en rolspelers vir die suksesvolle week;
- Dat hy in gesprek is met Binnelandse Sake om die moontlikheid te ondersoek vir 'n Binnelandse Sake kantoor in die Bergrivier area;
- Hy rig 'n dringende versoek aan die Munisipale Bestuurder rakende bewerings vanaf die publiek wat gemaak word dat Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik is vir die storting van riool in die kanaal en hy versoek dat Raadslid Moolman die bewerings aan die Munisipale Bestuurder moet voorsien ten einde aandag te geniet en kommunikasie aan die gemeenskap gegee kan word;
- Dat die onderskeie Wyksraadslede- en komitees in samewerking met die geestelike leiers van die area op Sondag 05 Maart 2022 om 15:00 'n geestelike diens (Biddiens) hou vir die onderskeie gemeenskappe van Bergrivier Munisipaliteit rakende die uitdagings, misdaad, die euwels, werkloosheid asook alle ander probleme wat die onderskeie gemeenskappe ervaar. Hy meld dat die onderskeie plekke waar die geestelike dienste sal plaasvind deur die Wyksraadslede deurgegee sal word aan die gemeenskappe; en
- Dat 'n rugbywedstryd tussen die Boland Kavaliers en SWD op Saterdag 20 Mei 2023 in Porterville gaan plaasvind.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Die Munisipale Bestuurder gee breedvoerig terugvoer rakende die afkondiging in die "State of the Nation Address" (SONA) met spesifieke verwysing na die Regulasies in terme van Artikel 27(2) van die Wet op Rampbestuur, 2002 en meld dat daar rapportering vereistes is waaraan Bergrivier Munisipaliteit moet voldoen; en
- Sy meld dat Bergrivier Munisipaliteit 'n toekenning van R 3.6 miljoen vanaf Provinsie verkry het as hulpverlening vir die bestuur van infrastruktuur gedurende beurtkrag, waarna sy die toekenning aan die Uitvoerende Burgemeester oorhandig.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN023/02/2023**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN024/02/2023**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN025/02/2023**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: 3RD ADJUSTMENT BUDGET 2022-2023**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in en meld dat 'n regstelling gemaak word ten einde R1 miljoen vanaf die verwydering van afval se professionele dienste waarna dit tussen Tegniese Dienste en Gemeenskapsdienste verdeel word sodat elkeen onderskeidelik R 500 000 kry vir die mid-blokke in Velddrif en generator-kapasiteit by die Verkeerskantore en Active Box.

Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat toestemming verleen moet word ten einde van die Viremente beleid afgewyk kan word om aan die Munisipale Bestuurder magtiging te verleen om op aanbeveling deur die Direkteur Finansiële Dienste viremente tussen direktorate te mag goedkeur en dat sodanige viremente slegs in uitsonderlike gevalle gemagtig behoort te word.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Begrotingsloodskomitee, Raadslid Daniels asook die Begrotingskantoor vir die harde werk wat hul in die Aansuiweringsbegroting gesit het.

Die Speaker gaan oor tot stemming by wyse van hande met die volgende uitslae:

Ten gunste van: 13
Nie ten gunste van: 0
Raadslede afwesig met verlof: 0

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

a. That the mid-year (third) annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2022/2023, be approved:
   i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification)
   ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote)
   iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source)
   iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding
   v. Table B6: Budgeted Financial Position
   vi. Table B7: Budgeted Cash Flow
   vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation
   viii. Table B9: Asset Management
   ix. Table B10: Basic service delivery measurement
   x. Supporting Tables SB1 – SB 20
b. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law

***

**RVN026/02/2023**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SAMESTELLING VAN BEGROTINGSLOODSKOMITEE**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae C)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die genoemde Raadslede en amptenare (in die verslag) aanwys as lede van die Begrotingsloodskomitee.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN027/02/2023**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: ARTIKEL 29: FGW GENERATORS & POWER TRANSFORMERS**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae D)***

Die Direkteur: Tegniese Dienste lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Artikel 29 verslag: FGW Generators & Power Transformers.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN028/02/2023**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: MFMA SECTION 116(3) – PROPOSAL TO RENEW THE IGNITE CONTRACT AT THE SOLE DISCRETION OF THE MUNICIPALITY FOR A FIVE-YEAR PERIOD, EFFECTIVE FROM 01 JULY 2023 TO 30 JUNE 2028**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae E)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die item afkeur ten einde die volledige tenderproses te volg om te verseker dat die oop mark getoets word.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN029/02/2023**
**REDELINGHUYS WATERBRON: VERDELING VAN REDELINGHUYS WATER**
**16/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad die aanbring van die nuwe struktuur sal aanvaar soos per verslag; en
2. Dat die kostes van die verdeelkas deur die eienaar van Jansdrif gedra sal word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN030/02/2023**
**HERSTEL VAN NETBAL- EN TENNISBANE (COMBI-COURTS) TE EENDEKUIL, PORTERVILLE EN VELDDRIF: OMVANG VAN WERK VS. BEGROTING**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die kwaliteit werk wat gedoen word om te verseker dat die Netbal- en Tennisbane op standaard is.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat 'n prosesplan rakende die spandering van die Netbal- en Tennisbane by die Tegniese Dienste Komiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 06 Maart 2023 voorgelê word.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

**Opsie 2A – Geen werk aan die ou baan te Velddrif nie, maar die volle omvang van die ander**

| Omvang | Verdeelde kostes | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Eendekuil | Porterville | Velddrif (nuut) | Velddrif (oud) |
| Noodsaaklik (herstelwerk, rotasie, vergroting van bane) | R 1 032 695 | R 920 855 | R 1 055 710 | R - |
| Nie-noodsaaklik (plaveisel en kleurvariasie) | R 228 870 | R 145 270 | R 147 670 | R - |
| Nie-noodsaaklik (Verskaf van toerusting (nette, doelpale, ens.)) | R 81 800 | R 81 800 | R 60 900 | R - |
| **Subtotaal 1** | **R 1 343 365** | **R 1 147 925** | **R 1 264 280** | **R -** |
| P&G proporsioneel verdeel* | R 232 505 | R 198 679 | R 218 817 | R - |
| **Subtotaal 2** | **R 1 575 870** | **R 1 346 604** | **R 1 483 097** | **R -** |
| 10% onvoorsiene | R 157 587 | R 134 660 | R 148 310 | R - |
| **Subtotaal 3** | **R 1 733 457** | **R 1 481 264** | **R 1 631 407** | **R -** |
| 15% BTW | R 260 019 | R 222 190 | R 244 711 | R - |
| **Totaal (BTW ingesluit)** | **R 1 993 476** | **R 1 703 454** | **R 1 876 118** | **R -** |
| **Groottotaal (BTW ingesluit)** | **R 5 573 048** | | | |

**P&G totaal pro-rata afgeskaal na R 650 000*

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN031/02/2023**
**VERSOEK OM GEDEELTE VAN MUNISIPALE GROND TE HUUR: GEDEELTE H VAN RESTANT ERF 1002, PORTERVILLE (MEENT)**
**7/2/3/2; PTV.1002**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die grondversoek vir Gedeelte H soos aangeheg op Bylae A nie toegestaan word omrede 'n Professionele Landmeter reeds aangestel is deur Bergrivier Munisipaliteit om die onderverdeling van die eiendom op te meet/bakens te plaas en te registreer by die Landmeter Generaal en in proses is om die nuutgeskepte eiendomme te registreer in die aktekantoor ten einde uitvoering te gee aan Bergrivier Munisipaliteit se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk 2019-2024 wat die grond oormerk vir nywerheidsdoeleindes;
2. Dat Landboukundige verwerking van die grond as saailande aanleiding kan gee dat erf bakens herplaas moet word in die toekoms; en

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

3. Dat die eiendomme na registrasie in die aktekantoor gesoneer sal wees as Nywerheidsone 1 met primêre gebruik vir nywerhede en landbou daarop teenstrydig sal wees met die sonering van die nuutgeskepte eiendomme.

***

**RVN032/02/2023**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM ERF 2611 PIKETBERG</u>**
**7/2/3/1; PB2611**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Hierdie besluit vervang Raadsbesluit no. RVN040/06/2022 van 28 Junie 2022;
2. Dat Erf 2611, Piketberg nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie;
3. Dat die tender geadverteer word vir 30dae teen markverwante waardasie R70 000.00 + waardasie koste R 2300.00 + Adverteringskoste R 4280.00 = R76 580.00 (BTW ingesluit);
4. Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;
5. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir die eiendom se aansluiting by Munisipale ingenieursdienste tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste;
6. Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erfpenne aan die suksesvolle tenderaar;
7. Dat die eiendom slegs bemark word aan enkel persone en getroude persone wat eerste eiendom kopers is asook Suid-Afrikaanse Burgers; en
8. Dat tenderaars ‘n eedverklaring by die SAPD aflê as bewys dat die voornemende koper(s) nie voorheen eiendom besit het nie.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN033/02/2023**
**<u>LONG TERM LEASE AGREEMENTS: BOKKOMLAAN VISHUISE ON ERF 486, VELDDRIF</u>**
**7/1/3/2; V486**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae F)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the objections received be considered by Council;
2. That a shorter lease term be considered, up to 30 June 2025, with the extension of the existing lease agreements; and
3. That no subletting of vishuise be allowed.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN034/02/2023**
**EXPANSION OF PIKETBERG, PORTERVILLE AND VELDDRIF INDUSTRIAL AREAS**
**FARM 241 PB, PTV.1002 & V.487 & 109**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die ekonomiese haalbaarheid om die erwe afsonderlik te verkoop.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council provides strategic direction pertaining to the expansion of Piketberg, Porterville and Velddrif industrial areas by giving permission for marketing land earmarked in the Bergrivier Municipal Spatial Development Framework: 2019-2024 (Bergrivier MSDF) for industrial expansion (portion of Farm Groote Fontein No. 241 Division Piketberg, portion of Erf 1002 Porterville as well as Erven 487 and 1093 Velddrif) in its totality by means of tender, based on valuation of the land in its current state, to land developers;
2. That a report be submitted to Council providing details of the process to be followed with each of the industrial expansions taking into consideration the Municipal Finance Management Act, 2003 (No. 56 of 2003) (MFMA), Supply Chain Management (SCM) Regulations as well as Preferential Procurement Policy Framework Act, 2000 (No. 5 of 2000) policy; and
3. That all the applicable industrial erven in Piketberg be treated as of one parcel when making it available for a land developer.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN035/02/2023**
**VERTEENWOORDIGERS VAN BUITELIGGAME EN ANDER RAADSAANGELEENTHEDE**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae G)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Raadslid Daniels hou die gewysigde veranderinge voor aan die Raad.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad die lys van verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede goedkeur; en
2. Dat die Distrik Gesondheidsraad (District Health Council) bygevoeg moet word op die lys van verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede en dat Raadslid Moolman aangewys is om die Raad te verteenwoordig.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE EN REGSONDERSTEUNING***

***

**RVN036/02/2023**
**AMENDMENT OF THE 2022/23 SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) IN TERMS OF SECTION 54 (1) (C) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT (ACT 56 OF 2003)**
**5/1/B**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That the amended 2022/23 SDBIP be approved in terms of Section 54(1)(c)of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) (MFMA).

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN037/02/2023**
**<u>VAKATURE (X1) OP DIE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE</u>**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van die vakature op die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee en toestemming gee dat die vakature gevul word;
2. Dat die Raad aanbeveel dat Mev. R Gani vir 'n derde termyn aangestel word as lid van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee indien sy instem;
3. Dat, indien Mev. R Gani nie beskikbaar is nie, die advertensie geplaas word in verskeie koerante asook op die munisipale webtuiste en kennisgewingborde gedurende Maart 2023; en
4. Dat toekomstige vakatures van Prestasie, Risiko en Ouditkomiteelede geadverteer word ten einde konsekwentheid te handhaaf.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**RVN038/02/2023**
**<u>MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORTS: NOVEMBER AND DECEMBER 2022</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council take note of the November and December 2022 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN039/02/2023**
**<u>MUNICIPAL INFRASTRUCTURE GRANT (MIG): MIG CONDITIONS AS PER THE MIG POLICY, MIG GUIDELINES, MIG FRAMEWORK, THE DIVISION OF REVENUE ACT (DORA), AND CIRCULARS OF NATIONAL TREASURY</u>**
**5/9/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item breedvoerig in.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That Council takes note of the main purpose of the MIG Grant, the strict conditions that have to be adhered to, regulation and monitoring as well as the sanctions that may be laid down in situations of non-compliance by municipalities;
2. That Council takes note of the background on the timelines that have to be met as well as resolutions and information required for the implementation

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

of the MIG Grant; and

3. That MIG capital projects be prioritised and finalised timeously to enable PMU to register and execute the MIG programme within the set timelines to prevent possible sanctions.

***

**RVN040/02/2023**
**AGTERPLAASBEWONERS OPNAME IN BERGRIVIER MUNISIPALE AREA: 2022**
**17/5/1**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die opname onder die agterplaasbewoners wat gedoen was vanaf September 2022 tot Oktober 2022.

***

**RVN041/02/2023**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS: DINSDAG 31 MEI 2022, DINSDAG 28 JUNIE 2022, DINSDAG 19 JULIE 2022, DINSDAG 26 JULIE 2022, DINSDAG 29 AUGUSTUS 2022, MAANDAG 19 SEPTEMBER 2022 EN DINSDAG 30 SEPTEMBER 2022**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergaderings gehou op Dinsdag 31 Mei 2022, Dinsdag 28 Junie 2022, Dinsdag 19 Julie 2022, Dinsdag 26 Julie 2022, Dinsdag 29 Augustus 2022, Maandag 19 September 2022 en Dinsdag 30 September 2022, soos voorgelê.

***

**RVN042/02/2023**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS: DINSDAG 21 JUNIE 2022, WOENSDAG 10 AUGUSTUS 2022 EN DONDERDAG 22 SEPTEMBER 2022**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergaderings gehou op Dinsdag 21 Junie 2022, Woensdag 10 Augustus 2022 en Donderdag 22 September 2022, soos voorgelê.

***

**RVN043/02/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Raadsheer De Vries en Speaker versoek dat die Wyksraadslede enige Wykskomitee kwessies by die onderskeie Staande Komiteevergaderings moet opper sodat daar effektiewe oplossings kan wees.

**KENNIS GENEEM**

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 15:47, waarna die volle Raad, Munisipale Bestuurder, Interne Ouditeur en die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste die vergadering In-Komitee voortsit.***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:40*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE*
*NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***